Nuwe dorp van R7 miljard verrys danksy mynbou, kragstasie

Elma Kloppers, Johannesburg

'n Reuse- nuwe ontwikkeling, gedryf deur mynbou-uitbreidings en die beoogde Bravo-kragstasie, gaan tussen Witbank en Middelburg in Mpumalanga gebou word.

Lahleni Lakes lê sowat 6 km van Witbank en 10 km van Middelburg aan die oewer van die Doornpoort-dam.

Dié ontwikkeling met 'n waarde van meer as R7 miljard gaan volgens die ontwikkelaars die grootste leefstylontwikkeling nóg in die land wees en word beskou as 'n selfonderhoudende dorp.

Volgens mnr. Johnny Faurie, een van die ontwikkelaars, sal dit 'n beleggingsplatform skep vir een van die snels groeiende provinsies in die land en 'n broodnodige ekonomiese inspuiting wees vir die gebied.

Hy sê dit sal tot meer as 3 000 werkgeleenthede in die konstruksiefase lei en 'n verdere 3 700 permanente werkgeleenthede in die bedryfsfase van die ontwikkeling.

Lahleni Lakes sal oor meer as 1 100 ha strek en uit 14 residensiële sekuriteitsdorpies met 'n totaal van 2 700 erwe bestaan, wat ook 'n aftree-oord insluit.

Onder die ander geriewe tel 'n gholfbaan wat deur Ernie Els ontwerp is, 'n hotel, restaurante, skole, kantore en 'n kleinhandelontwikkeling.

Hy sê die ontwikkeling is gemik op die bekostigbare mark, waar die prysstruktuur dit aantreklik maak vir eerste kopers, wat dan as bonus toegang tot 'n gholfbaan kry.

Die eerste fase van 1 100 erwe word verkoop en Faurie sê 700 erwe is reeds opgeraap. Die pryse van die erwe wissel tussen R300 000 vir 'n erf van 750 m² tot R1,5 miljoen vir 'n erf van 1 ha. Hy voorsien dat al die erwe van die eerste fase binne die volgende twee weke uitverkoop sal wees.

Ondanks die verlangsaming in die residensiële mark landwyd word die ontwikkeling gedryf deur 'n beduidende vraag van eienaar-okkupeerders en nie noodwendig beleggers nie, sê hy. Boonop is daar weens die elektrisiteitstekorte 'n moratorium op nuwe ontwikkelings in Middelburg en Witbank geplaas, wat voordelig is vir Lahleni omdat dit in die vraag kan voorsien. Dié ontwikkeling kom na die mark nadat dit twee jaar geduur het om die nodige goedkeuring, insluitend elektrisiteitsertifikate, te verkry.

Kopers kan kies uit vyf boustyle om hul droomhuis te bou. Die Toskaanse-boustyl is nie deel van die ontwikkeling nie, sê hy.

Mnr. Johnny Faurie en die gholfster Ernie Els by die bekendstelling van Lahleni Lakes by die Doornpoort-dam naby Witbank. Foto: VERSKAF